

A.V. OOSTHUIZEN

Rebelle van die Stormberge; Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902.

Pretoria

J.P. van der Walt

1994

260pp

R67

ISBN 0-7993-1992-9

Ek het die voorreg gehad om in die laaste paar jaar 'n aantal boeke oor die Anglo-Boereoorlog (1899-1902), wat deur J.P. van der Walt en Seun uitgegee is, te resenseer. Ek was, uit die aard van die saak, krities in my beoordeling, miskien soms te krities, maar deurgaans het ek die waarde van hierdie publikasies deeglik besef. Trouens, ek wil van hierdie geleentheid gebruik maak om die voortreflikheid van hierdie reeks boeke te beklemtoon. In die lig van die naderende eeuftes in 1999 van hierdie konflik behoort hierdie boeke se waarde toe te neem. Ek wil dus saamstem met wat prof. Fransjohan Pretorius in die voorwoord tot die nuutste boek in hierdie reeks, *Rebelle van die Stormberge*, deur A.V. Oosthuizen, skryf dat die uitgewers geluk gewens moet word met hierdie publikasies.

Dit is prysenswaardig dat veral nou, in hierdie tydperk waar geskiedenis, en veral sogenaamde blanksentriese geskiedenis, onpopulêr geword het en waar die fokus toenemend op die hede en die toekoms en op verandering gerig word, dat daar nog uitgewers is wat bereid is om hierdie onderwerp vir publikasie te aanvaar. 'n Mens kan nie help om te wonder of dit nie 'n kans is wat hulle waag nie, veral finansieel gesproke. Is daar werklik nog 'n mark? En in Afrikaans?

Soos in vorige resensies, wil ek egter weer eens kommentaar lewer oor die gebruik van die benaming "Tweede Vryheidsoorlog" soos wat ook in hierdie boek oor die rebelle van die Stormberge die geval is. Weer wil ek die opmerking maak dat "Tweede Vryheidsoorlog" net vir die Transvalers van toepassing is en nie vir die Vrystaters geld nie. Juis waar hierdie 'n boek is wat handel oor die Vrystaat se invalle in die Kaapkolonie gedurende hierdie oorlog, en wat daarop gevolg het, glo ek dat dit 'n verkeerde benaming is.

Die benaming van hierdie oorlog is juis vanjaar, waar die beplanning vir die herdenking van die oorlog reeds 'n aanvang geneem het, weer besig om in 'n geskilpunt te ontwikkel. Moet dit "Anglo-Boereoorlog" of "Tweede Vryheidsoorlog" wees, of wat? Daar is ook diegene wat die meer kontemporêre benaming, "Suid-Afrikaanse Oorlog", voorstaan. Hierdie benaming is egter vir my net so onaanvaarbaar as "Boereoorlog" wat party Suid-Afrikanners nog gebruik. Dan liever "Engelse-oorlog". Geen land verwys na 'n oorlog waarin hy betrokke was deur net homself in die benaming daarvan te noem nie, maar dikwels wel net die vyand. So is die naam wat in Nederlandse geskiedenisboeke gangbaar is vir die sewentiende eeuise oorloë tussen Nederland en Engeland, "de Engelse oorloë" (Kyk bv. Dr. Karl Ploetz, *Kalender der Wereldsgeschiedenis*, p. 139) terwyl die Engelse naam vir dieselfde oorloë "The Dutch Wars" is. In die lig van ons bevolkingsamestelling klink "Anglo-Boereoorlog" vir my na die geskikste. Dit is ook basies dieselfde in albei tale en sê presies wat dit was. "Suid-Afrikaanse Oorlog" kan enige Suid-Afrikaanse oorlog wees en "Tweede Vryheidsoorlog" is te eksklusief.

Die kritiek oor die benaming is natuurlik nie net op *Rebelle van die Stormberge* van toepassing nie. Ten spyte van hierdie boek se voortreflikheid is daar egter ook ander tekortkominge. So vind ek dit byvoorbeeld vreemd dat enige boek van hierdie aard sonder 'n indeks gepubliseer kan word.

Die kaart is besonder goed, maar is dit oorspronklik of kom dit uit ander publikasies, sonder erkenning? Dat die algemene kaart (pp. 12-13) en die ander twee kaarte totaal verskil in styl laat mens wonder. Verder, waarom is daar 'n grens om die Herscheldistrik op die algemene kaart aangedui en nie tussen die OVS en die Kaapkolonie nie? As die bedoeling met hierdie grens is om aan te dui dat Herschel nie deel was van die "verowerde gebied" nie (soos op pp. 62-63 beskryf) dan moes daar ten minste ook 'n grens, wat die res van die "verowerde gebied" aandui, gewees het.

Magistraat Chase (p. 15) is tog die bekende John Centlivres Chase, wat onder andere erken word as die stigter van Aliwal-Noord (Kyk Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, vol. 1, p. 172).

Sover my kennis strek was daar nie 'n kaptein of 'n stam met die naam Mfecani (sic) nie (p. 19). Dit is tog sekerlik 'n verwysing na die uitdelginsoorloë van die 1820's wat bekend gestaan het as die Mfecane (of Difaqane).

Taalkundig hinder dit om Engelse woorde soos "poor school" (o.a. p. 34) sonder aanhalingstekens te gebruik - of dit moet ten minste met hoofletters begin.

Ek vind die skrywer van hierdie boek se plasing van verwysingsnommers uiters vreemd. Kyk byvoorbeeld p. 34 no. 7. Dit gaan hier tog nie oor die dorpsnaam wat uit die bron geneem is nie. Die verwysingsnommer hoort beslis waar die gewens wat uit Meintjies geneem is eindig. So ook op p. 64 no. 29. Hierdie nommer

moet tog aan die einde van die aanhaling uit Munnik se *Memoirs* kom. So is daar talle ander voorbeelde.

Die inkonsekwente gebruik van die dubbelpunt (:) pla ook. Waarom byvoorbeeld op p. 56 waar die eerste aanhaling begin, is daar geen dubbelpunt nie, maar met die volgende aanhaling word dit wel gebruik? En in albei gevalle moet die verwysingsnommer tog aan die einde van die aanhaling kom.

Ook in die gebruik van aanhalings is daar verwarring. Dikwels is daar geen verwysing na die bronne by direkte aanhalings nie. (Kyk byvoorbeeld pp. 66, 102, ens). Soms gebruik die skrywer aanhalingstekens (" ") en soms kursief en dikwels albei metodes deurmekaar in een paragraaf (Kyk byvoorbeeld p. 92). In laasgenoemde voorbeeld kon ek ook nie agterkom of die aanhaling in kursief en die tussen aanhalingstekens uit dieselfde bron kom nie. Dit is ook nie vir my duidelik hoekom hy die twee verskillende metodes van aanhaal gebruik het nie.

Soos seker maar in alle boeke, is daar ook in hierdie publikasie druk-(set) foute. So byvoorbeeld op p. 89, 1990 in plaas van 1900 en op p. 210, ofisier in plaas van offisier. Daar sal sekerlik meer wees.

Hierdie kritiek ten spyt, is *Rebelle van die Stormberge*, wat my betref, die beste sover in hierdie reeks boeke van J.P. van der Walt oor die Anglo-Boereoorlog. Die boek is van goeie kwaliteit, druk- sowel as bindwerk. Die talle interessante foto's en waardevolle bydraes en goeie "Bronnelys" (nie "bibliografie" nie, want dit is tog meer as net 'n lys boeke) verhoog die waarde. Die boek kan met vrymoedigheid aanbeveel word by belangstellendes en versamelaars van boeke oor hierdie oorlog en selfs navorsers oor hierdie konflik kan dit benut.

LOUIS CHANGUION
Universiteit van die Noorde.